

DIE BLINKBLAAR-WAG-’N-BIETJIE

P.C. Zietsman

Die wetenskaplike naam van die Blinkblaar-wag-’n-bietjie (Buffalo-thorn), *Ziziphus mucronata*, is van die arabiese woord ‘zizouf’ afgelei wat die populêre naam vir die lotusvrug, *Ziziphus lotus*, is, terwyl *mucronata* in Latyn ‘gepunt’ beteken en na die skerp dorings verwys.

Die boom behoort tot ’n baie groot groep wat wyd verspreid in Afrika, Australië, Eurasië, die Amerika’s en in die Meditireense gebiede voorkom. Waarskynlik een van die bekendste bome van dié soort is *Ziziphus spina-cristi* waarvan volgens oorlewering jong takke gebruik was om, soos mens van die naam kan aflei, ’n doringkroon vir Christus te vleg.

Die Blinkblaar-wag-’n-bietjie kom wyd verspreid in Suid-Afrika voor behalwe in groot dele van die Karoo, die Kaapse fynbos, Kalahari en Namib. Die bome groei in grasveld, op rotskoppies, langs riviere en in bykans enige habitat binne sy verspreidingsgebied. Die bome se assosiasie met dreineringslyne het daartoe gelei dat mense in sommige gebiede glo dat die bome ondergrondse water aandui.

Oor die algemeen word die bome nie hoër as 9 m nie, alhoewel hulle heelwat groter in Natal en KwaZulu kan word. Die blare van die boom is donkergroen van kleur en blink. Die be-aring van die blare is baie tiperend deurdat die hoofaar vanaf die blaarbasis in drie verdeel. Die blaarrande is getand. In groot dele van sy verspreidingsgebied word die bome baie swaar deur voëls besmet.

Die bome blom gedurende die grootste gedeelte van die somer. Die blomme is baie klein en geelgroen van kleur. Alhoewel die blomme nektar het, is dit so min dat dit te betwyfel is of dit enige ekonomiese waarde t.o.v. byeboerdery het. Die blomme lok ’n verskeidenheid insekte. Vlieë, o.a. die huisvlieg, is van die bestuiwers.

Die vrugte word in die laat somer ryp en bly in




Blomme, blare en vrugte van die Blinkblaar-wag-’n-bietjie.

sommige gevalle aan die bome tot na die winter. Die ronde vrugte is rooibruin van kleur en ongeveer so groot soos ’n ertjekorrel. Verskeie voëls, waaronder rooioogtiptolte en lelspreus, eet die ryp vrugte.

Enige persoon wat al ’n keer of wat in die boom se skerp, sterk dorings vasgeloop het, sal kan verstaan waar die populêre naam vandaan kom. Meestal kom daar op die knope van die jong takke ’n krom en ’n reguit doring voor. In sommige gevalle mag een of albei egter afwesig wees.

Die boom het geen besondere ekonomiese waarde nie, maar skynbaar is die vrugte tydens die Anglo-Boereoorlog fyngemaal om koffie van te maak. Die hout is geel van kleur en so gedraai dat dit moeilik bewerkbaar is. Dit is wel in die verlede gebruik om onderdele vir waens te maak en hedendaags word dit soms vir hoekpale



Die blinkblaar-wag-'n-bietjie, ZIZIPHUS MUCRONATA, by Leeubron naby Okaukuejo, Suidwes-Afrika.

gebruik.

Die boom het baie medisinale gebruike. Dit is veronderstel om o.a. klierkoors, enige pyn, disenterie en masels te genees. Zoeloes gebruik o.a. 'n tak van die boom om voorvadergeeste van 'n ou blyplek na 'n nuwe te lok. In ander gebiede word 'n tak om die kraal gesleep in die geloof dat die dorings oor die mag beskik om die bose af te weer. Daar word ook geglo dat enige persoon wat tydens 'n donderstorm onder die boom staan nie deur die weerlig raakgeslaan kan word nie.

As tuinplant is die boom uitnemend geskik vir droë gebiede waar swaar ryp voorkom. Die bome groei baie vinnigen vorm in 'n kort rukkies 'n digte, letterlik ondeurdringbare bos. Indien mens gelukkig genoeg is om saad in die hande te kry van die doringlose vorm wat in die omgewings van Parys, Pretoria en Hazy View groei, kan so 'n

boom in 'n kort rukkies een van die mooi bome in enige tuin wees. Die saad kiem baie maklik. Dit moet eers uit die vrug verwyder word waarna die testa of harde doppie om die saad versigtig gekraak moet word om water deur te laat. Die saailinge het almal baie prominente dorings wat gelukkig verdwyn as die boompie groter begin word.



BIBLIOGRAFIE

CAOTES PALGRAVE, K. 1977. *Trees of Southern Africa*. Kaapstad: Struik.
PALMER, E & PITMAN, N. 1973. *Trees of Southern Africa III*. Kaapstad: A.A. Balkema.